# Nederlandse Geloofsbelydenis

Artikel: 32

## DIE ORDE EN TUG VAN DIE KERK

Ons glo verder dat die regeerders van die kerk, al is dit nuttig en goed om onder mekaar 'n bepaalde orde tot instandhouding van die liggaam van die kerk in te stel en te handhaaf, tog noukeurig moet oppas om nie af te wyk van wat Christus, ons enigste Meester, vir ons ingestel het nie.



En daarom [illegible] ons alle menslike versinsels en alle wette wat mense sou wil inv[illegible] God te dien en om [illegible] watter manier ook al, die gewetens daardeur te bind en te dwing.

Ons [illegible]ar derhalwe slegs w[illegible]end[illegible]ag e[illegible]waar en te bevorder[illegible] all[illegible] hoorsaamheid[illegible]

Daarvoor is nodig die ban en alles wat daarmee saamhang, toegepas ooreenkomstig die Woord van God.

Nederlandse Geloofsbelydenis

# DIE ORDE EN TUG VAN DIE KERK

Artikel: 32

Ons glo verder dat die regeerders van die kerk, al is dit nuttig en goed om onder mekaar 'n bepaalde orde tot instandhouding van die liggaam van die kerk in te stel en te handhaaf, tog noukeurig moet oppas om nie af te wyk van wat Christus, ons enigste Meester, vir ons ingestel het nie.



Kolossense 2:6-7: Aangesien julle dus Christus Jesus die Here aangeneem het, bly leef in Hom; in Hom is julle gewortel en in Hom word julle opgebou  en versterk in die geloof, soos julle geleer is, terwyl julle oorvloedig is in dankbaarheid.

1 Timoteus 3:15: Maar as ek vertraag word, moet jy weet hoe jy jou moet gedra in die huishouding van God: dit is die kerk van die lewende God, 'n pilaar en 'n fondament van die waarheid.

## Nederlandse Geloofsbelydenis — DIE ORDE EN TUG VAN DIE KERK — Artikel: 32

En daarom verwerp ons alle menslike versinsels en alle wette wat mense sou wil invoer om God te dien en om, op watter manier ook al, die gewetens daardeur te bind en te dwing.



Jesaja 29:13: My Heer het gesê: “Omdat hierdie volk My nader met hulle mond en met hulle lippe My eer, maar hulle hart ver is van My, en hulle ontsag vir My bloot 'n aangeleerde menslike gebod,

Matteus 15:9: Uit die hart kom daar immers bose gedagtes, moord, owerspel, onsedelikheid, diefstal, valse getuienis en lastering.

Galasiërs 5:1: Vryheid is waarvoor Christus ons bevry het! Staan dan vas, en laat julle nie weer onder 'n juk van slawerny indwing nie!

Ons aanvaar derhalwe slegs wat kan dien om eendrag en eenheid te bewaar en te bevorder en om alles in gehoorsaamheid aan God te onderhou.



1 Korintiërs 14:32-33: Die geeste van profete is aan profete onderworpe. Want God is nie 'n God van wanorde nie, maar van vrede. So hoort dit in al die gemeentes van die heiliges.

## Nederlandse Geloofsbelydenis — DIE ORDE EN TUG VAN DIE KERK — Artikel: 32

Daarvoor is nodig die ban en alles wat daarmee saamhang, toegepas ooreenkomstig die Woord van God.



Matteus 16:19: Ek sal vir jou die sleutels van die koninkryk van die hemele gee, en wat jy ook al op aarde toesluit, sal in die hemele toegesluit wees, en wat jy ook al op aarde vrylaat, sal in die hemele vrygelaat wees.

Matteus 18:15-18: As jou broer teen jou sondig, moet jy hom teregwys waar julle twee alleen is. As hy na jou luister, het jy jou broer teruggewen. As hy nie luister nie, neem nog een of twee met jou saam, sodat in die mond van twee of drie getuies elke saak bevestig mag word. As hy weier om na hulle te luister, sê dit vir die gemeente. En as hy ook weier om na die gemeente te luister, laat hy vir jou wees soos die heiden en die tollenaar. “Amen, Ek sê vir julle: Wat julle ook al op aarde bind, sal in die hemel gebind wees, en wat julle ook al op aarde ontbind, sal in die hemel ontbind wees.

Romeine 16:17-18: Ek doen 'n beroep op julle, broers, om mense in die oog te hou wat verdeeldheid en struikelblokke veroorsaak, in stryd met die leer waarin julle onderrig is. Bly weg van hulle af. Want hierdie soort mense dien nie Christus ons Here nie, maar hulle eie maag. Met strelende woorde en vleitaal mislei hulle die harte van naïewe mense.

Daarvoor is nodig die ban en alles wat daarmee saamhang, toegepas ooreenkomstig die Woord van God.



1 Korintiërs 5:1-5: 'n Mens hoor werklikwaar van onsedelikheid onder julle, en dan 'n soort seksuele losbandigheid wat selfs nie onder die heidene geduld word nie – dat 'n man met sy vader se vrou saamleef. Tog is julle steeds hoogmoedig! Moes julle nie eerder treur, en toesien dat hy wat hierdie daad gepleeg het, uit julle midde verwyder word nie? Wat my betref, alhoewel ek liggaamlik afwesig is, is ek in die gees by julle. Asof teenwoordig, het ek reeds die man wat so 'n ding gedoen het, geoordeel. Wanneer julle in die Naam van ons Here Jesus vergader, en ek in die gees teenwoordig is, gee dan, met die krag van ons Here Jesus, só 'n mens oor aan Satan om sy sondige aard te vernietig, sodat sy gees op die dag van die Here verlos mag word.

1 Korintiërs 5:9-13: Ek het in my brief aan julle geskryf om nie met hoereerders te meng nie Daarmee het ek beslis nie die hoereerders van hierdie wêreld bedoel nie, of die gierigaards en rowers of afgodedienaars nie, want dan sou julle uit die wêreld moes weggaan. Nou skryf ek aan julle om nie om te gaan met iemand wat homself 'n gelowige noem, maar 'n hoereerder of 'n gierigaard is, of 'n afgodedienaar of 'n kwaadprater of 'n dronkaard of 'n rower nie; met so iemand moet julle nie eers saam eet nie. Waarom sou ek die buitestanders oordeel? Moet julle nie eerder diegene in julle eie geledere oordeel nie? God sal die buitestanders oordeel. “Verwyder die slegte mens uit julle midde.”

1 Timoteus 1:20: Onder hulle is Himeneus en Aleksander, wat ek aan Satan oorgegee het, sodat hulle kan leer om nie te laster nie.

Ons glo verder dat die regeerders van die kerk, al is dit nuttig en goed om onder mekaar 'n bepaalde orde tot instandhouding van die liggaam van die kerk in te stel en te handhaaf, tog noukeurig moet oppas om nie af te wyk van wat Christus, ons enigste Meester, vir ons ingestel het nie.

En daarom verwerp ons alle menslike versinsels en alle wette wat mense sou wil invoer om God te dien en om, op watter manier ook al, die gewetens daardeur te bind en te dwing.

Ons aanvaar derhalwe slegs wat kan dien om eendrag en eenheid te bewaar en te bevorder en om alles in gehoorsaamheid aan God te onderhou.

Daarvoor is nodig die ban en alles wat daarmee saamhang, toegepas ooreenkomstig die Woord van God.

Ons glo verder dat die regeerders van die kerk, al is dit nuttig en goed om onder mekaar 'n bepaalde orde tot instandhouding van die liggaam van die kerk in te stel en te handhaaf, tog noukeurig moet oppas om nie af te wyk van wat Christus, ons enigste Meester, vir ons ingestel het nie[1].
En daarom verwerp ons alle menslike versinsels en alle wette wat mense sou wil invoer om God te dien en om, op watter manier ook al, die gewetens daardeur te bind en te dwing[2].
Ons aanvaar derhalwe slegs wat kan dien om eendrag en eenheid te bewaar en te bevorder en om alles in gehoorsaamheid aan God te onderhou[3].
Daarvoor is nodig die ban en alles wat daarmee saamhang, toegepas ooreenkomstig die Woord van God[4].

1 Kolossense 2:6-7; 1 Timoteus 3:15
2 Jesaja 29:13; Matteus 15:9; Galasiërs 5:1
3 1 Korintiërs 14:32-33
4 Matteus 16:19; Matteus 18:15-18; Romeine 16:17-18; 1 Korintiërs 5:1-5; 1 Korintiërs 5:9-13; 1 Timoteus 1:20